

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 34**

**23 Augustus 2026**

# VREDE in rustelose tye

**Onseker tye, ewige hoop**

Die wêreld het die gedaante van onrus en onsekerheid aangeneem. Alhoewel Christene ook blootgestel is aan gebeure wat soos 'n donker skaduwee oor die aarde hang, behoort ons nie deur algemene vreesatigheid en wanhoop meegesleur te word nie. Die Christendom was nog altyd 'n lig in donker tye, 'n baken van hoop vir die verdwaalde en 'n stem van oorwinning vir die verwonde.

**Christus, ons vaste Rots**

Ons hét 'n boodskap: triomferende geloof in Hom, die vaste Rots (1 Kor 10:4), wat ons moed en sekerheid gee in onsekere tye. In elke verwoestende storm is Hy ons Anker (Heb 6: 19), wat stabiliteit en rigting gee. Vir die mensdom, vasgevang in onrus en onvrede, blý die reddened boodskap: Vind vrede by Christus, die Vredevors. "Vrede laat Ek vir julle na, Mý vrede gee Ek aan julle, nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie" (Joh 14:27).

**Rus wat net Christus gee**

Die antwoord vir blywende vrede is in Christus alleenlik te vinde. "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28). Hierdie rus behels nie alleenlik die saligmakende rus nie. Die vrede wat Jesus bedoel, lê nie in die emosie nie, maar in 'n toestand van innerlike rus. Dit is 'n toestand van die siel wat ervaar word ongeag buitefaktore wat onsteltenis of angs mag inhou. Dit vind uitdrukking in die "vrede van God wat alle verstand te bowe gaan" (Fil4:7). Hierdie sielerus vind alleenlik sy ontstaan in 'n verhouding met Christus. Dit verg om by Hom te bly, jou lewe voortdurend aan Hom oor te gee, jou leiding by Hóm te vind, hom met alles te vertrou en jou vrede uit Hóm te put.

**Wanneer Christus die eerste opsie word**

Hoe gelukkig en geseënd is die Christene om na Christus te gaan met hul diepste seer, al hulle kwellinge, geheime, behoeftes en soeke na rus.

**'n Lig vir die wêreld**

Christene wat leef vanuit 'n toestand van innerlike rus openbaar die standvastigheid en waardigheid van ware Christenskap, gemanifisteer as 'n lig vir die wêreld en stad wat op 'n berg lê.

**Die skat van Goddelike vrede**

Die grootste skat wat enige mens in rustelose tye kan hê, is Goddelike vrede – die innerlike rus wat slegs by Christus te vinde is. "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus". -Rudi Briel -

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Janine Vorster
- Jillian Jansen
- Tannie Sannie Wentzel
- Marcel Holtzhausen
- Madelein Els
- Debbie Fourie
- Adriaan Alberts
- Willie du Plooy

Hettie Singleton
Anja Danneels
Juanita Rossouw
Annamie Reynolds
Wessel Louwrens
Duppie du Plessis
Jaap Naudé
Bokkie van Pletzen
Wildie Meiring
Adri Botha

**Ons innige medelye met Ronel, familie en vriende met die afsterwe van tannie Yvonne haar moeder.**

**Gedagte vir die week**

**Sý vrede is die rykdom van innerlike rus, slegs te vinde in 'n verhouding met Hom. v**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org